HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 123 van 2026

24 November 2026

Geagte Ouers / Voogde

UITREIKING VAN HANDBOEKE 2026

Met verwysing na Spesifieke Oueromsendbrief nr. 106 van 2026 gee ons graag die reëlings deur vir die uitreiking van GDO-handboeke vir 2027.

Met inagneming van die feit dat promosievergaderings eers na die gegewe VSB-dae plaasvind, sal die uitreiking van handboeke vanaf Maandag 30 November 2026 plaasvind. Dit sal soos volg geskied:

- Maandag 30 November 2026: Graad 9 van 2027; 07:30 – 14:00
- Dinsdag 1 Desember 2026: Graad 10 van 2027; 07:30 – 14:00
- Woensdag 2 Desember 2026: Graad 11 van 2027; 07:30 – 14:00
- Donderdag 3 Desember 2026: Graad 12 van 2027; 07:30 – 14:00
- Vrydag 4 Desember 2026: Alle leerders wat nie tydens hulle dag handboeke kon afhaal nie, asook koorleerders wat op kamp was; **07:30 – 11:00**
- Maandag 7 en Dinsdag 8 Desember 2026: Alle leerders wat nie tydens hulle dag handboeke kon afhaal nie, asook koorleerders wat op kamp was; 07:30 – 14:00

Let wel dat slegs leerders wie se handboekbestelling afgehandel en betaal is voor/op 25 November 2026 hulle handboeke gedurende hierdie week sal ontvang. Bestellings waarvan die betaling ná 25 November 2026 ontvang word, sal - sonder uitsondering - die twee dae voor die skool begin, 11 – 12 Januarie 2027, uitgereik word. Indien 'n leerder dan reeds met vakansie is, kan hul handboeke ook die twee dae voor die skool open in 2027 by die boekwinkel afgehaal word. Indien 'n leerder se handboeke deur 'n derde party afgehaal word, word 'n toestemmingsbrief van die betrokke ouer/voog, 'n afskrif van die leerder se geboortesertifikaat/identiteitsdokument en 'n afskrif van die persoon se identiteitsdokument benodig.

Hoërskool Randburg aanvaar geen verantwoordelikheid vir laat aflewering of onvoorsiene omstandighede by die leweransiers nie. Ons moedig u aan om u bestelling en betaling betyds af te handel om die risiko van laat aflewering te beperk.

Dankie vir u begrip en samewerking in hierdie verband.

Randjiegroete,

J. ROOS
BESTUUR: HANDBOEKKONTROLE

P. BOOYSEN
SKOOLHOOF

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za